BESTUIWING

Riglyne vir die Produsent

U as Produsent het baie moeite met al u ander bestuurspraktyke gedoen en gaan aanhou om dit steeds te doen. U gaan ook 'n volprys betaal vir die krities belangrike bestuiwingsdiens wat u verwag behoorlik en teen die gestelde standaarde gelewer moet word. Dit sal dus die moeite werd wees om deeglik ook aan elk van die volgende aspekte die nodige aandag te gee ten einde u voorgenome oes te help set en die bye wat dit moet help doen, se veiligheid en optimale funksionering te verseker.

1. Reël betyds vooraf die seisoen se bestuiwingsdiens.

2. Verseker u Bestuiwingsdiensverskaffer is kundig omtrent bestuiwingspraktyk in die algemeen en die standaarde daarvoor.

3. Bring uself op hoogte van die beste praktyk --- bestudeer die bestaande riglyne (sien elders op die webtuiste).

4. Rig u boorde en paaie vooraf in vir die korfplasing- en verwyderingsaksie wat meestal in die donker gedoen word.

5. Kies die korfstaanplekke met oordeel en rig hulle behoorlik, en vooraf, in.

6. Hou die korwe buite die boorde, rig die ingange dwars met die spuitpomp-aksie (ingeval nodig), hou gelig van die grond en nat gras (skoongemaakte buitebande wat nie water kan versamel nie), verseker die korf staan stewig sydelings regop maar effens vooroor om te verhoed dat water kan inloop, moenie in laagtes en skaduwee plaas nie, en tref voorsorg teen vandalisme.

7. Bespreek u spuitprogram deeglik met u Landbouchemiese Adviseur, met spesifieke verwysing na die bye-intervlak --- vir die hele periode van voordat die bye ingebring word tot nadat alle bye (ook uit die ander boorde en van die plaas af) verwyder is.

8. Maak voorsiening vir addisionele bestuiwingseenhede wanneer u 'n korter blomperiode (bv agv rusbreking) en veral swak weersomstandighede verwag.

9. Moenie meganiese of chemiese onkruidbeheer doen direk voor of tydens die bestuiwingsperiode nie.

10. Die bye moet nie voor 10-15% blom in die boorde ingebring word nie en behoort teen volblom reeds verwyder te wees.

11. Inspekteer die korwe so spoedig moontlik na plasing om te verseker dat almal oop is.

12. Besoek die korwe daagliks om enige abnormaliteit betyds raak te sien.

13. Monitor die bye-aktiwiteit gereeld volgens die LNR & WKBV norme --- sien elders op die webtuiste.

14. Bespreek enige afwyking of bekommernis onverwyld met u Diensverskaffer.